Sondag, 20 Februarie 2022
Nagmaalsondag

Ek weet in Wie ek glo!

Toe het Hy hulle uitgestuur om die koninkryk van God te verkondig en om die siekes gesond te maak... (Luk. 9:2)
Hy sê toe vir hulle: "Maar julle, wie sê julle is Ek?" Petrus het geantwoord: "Die Christus van God." (Luk. 9:20)
...want ek weet in wie ek nog altyd my vertroue stel, en ek is oortuig dat Hy magtig is om die pand wat aan my toevertrou is, tot op daardie dag te bewaar. (2Tim. 1:12)

Dit word 'n tree vir tree ontdekkingsreis waarop Lukas die gelowige neem wanneer hy die verhaal van Jesus se pad met die dissipels vertel. Wanneer ons dan in Luk. 9:2 lees dat Jesus hulle uitgestuur het, kan ons nie help om te onthou waar dit begin het nie. Reeds in Luk. 5 toe Jesus hulle geroep het (sommige vir meer as een keer) en hulle hul nette, tolhuise, familie en vriende agtergelaat het. In Luk. 6 roep Jesus twaalf manne uit 'n wyer sirkel mense om Hom. Hy neem hulle saam wanneer Hy ingaan om die lewelose hand van 'n dogtertjie te neem en haar lewe te gee, om daar te wees wanneer Hy bid en die brood breek om duisende te voed, om te hoor wat Hy sê en te sien wat Hy doen. Dit is hierdie twaalf vir wie Jesus uitstuur om veral twee dinge te doen: Om die koninkryk van God te verkondig, en siekes gesond te maak. Hulle tree namens Jesus op en ontvang van Hom volmag. Elke keer wanneer iemand gesond sou word, wanneer blinde-oë sou sien en melaatse-vel sou genees, elke keer wanneer iemand gered sou word sou die koninkryk van God kragdadig verkondig word. God red nie net die siel nie, maar ook die liggaam wat hierdie siel huisves. Waar die kerk die koninkryk van God tot vandag toe verkondig word mense gered, nie alleen geestelik nie, maar ook liggaamlik – word die wêreld 'n bietjie beter plek.

Die belangrikste ontdekking op hierdie reis saam met Jesus het egter nog vir die dissipels voorgelê. Jesus het reeds sy gesig in die rigting van Jerusalem gedraai – waar Golgotha sou wag, maar sal Jesus geloof vind? Geloof, al is dit nog onvolwasse en gebroke? Het hierdie manne hier rondom Hom, Hom reeds herken vir wie Hy werklik is? Dan vra Hy hulle twee vrae. Die eerste oor wie Hy vir die wyer skares is, vir hulle wat kom kyk het. Die tweede laat egter geen twyfel nie: "Maar julle, wie se julle is Ek?"

Elkeen wat vir Jesus volg moet een of ander tyd hierdie vraag beantwoord, want Christenskap is nie in die eerste plek oor wat ek glo nie, maar in Wie ek glo. Dit is die ontdekking van wie Jesus is, wat die ganse skepping van Eden tot die nuwe Jerusalem in perspektief plaas, wat my lewe sin gee en God se koninkryk kragtig ook hier in my laat kom. Ek weet in Wie ek glo! – ds. Johan Marais

Hartlik welkom by ons Nagmaalerediens vanoggend in die kerk, gelei deur ds. Johan Marais en ons orrelis, dr. Johan Cromhout. Prop. Lunette Visser lei die gesinsdiens in die saal. 'n Verkorte weergawe van die erediens is vooraf opgeneem en word via ons webblad, op *Facebook* en op Berg-en-Dal se *You Tube*-kanaal na lidmate wat nie in die kerk kan wees nie, uitgestuur.

LITURGIE

Toewydingslied:	Lied 309:1,2&3 My lewe bly aan U gewy
Votum:	Psalm 65:2-3&5b
Seëngroet:	
Loflied:	Psalm 84:1&2 Hoe lief het ek U woning, Heer
Wet:	Eksodus 20:1-17
Gebed en lied:	Lied 257:1&2
Skriflesing:	Lukas 9:1-2 & 18-22
Tema:	Ek weet in Wie ek glo!
Woordverkoniging:	
Gebed:	
Slotlied:	Lied 168:1,2&3 Heilige Jesus
Seënbede:	
Orrelnaspel:	Orrelis – Dr. Johan Cromhout

Met besondere dank aan Dr. Johan Cromhout, Ampie Human, Danie Joubert, RW Adendorff, Germarie Adendorff, Magda van Wyk (blomme), Adri van den Berg en Rita van Zyl vir jul bydraes om die opnames en uitsending moontlik te maak.

Ander Eredienste:

Sondag, 20 Februarie	15:00 – Teol.std.Steve Bopane (Sothodiens) 18:00 – Ds. Johan Marais (Pastorale gesprek)
Sondag 27 Februarie	09:30 – Ds. Jan Lubbe (kerk) en Ds. Johan Marais (gesinsdiens in die saal). 18:00 – Ds. Jan Lubbe (Taizédiens)

Covid 19-Reëlings

Ons eredienste, kategese en ander byeenkomste word tans so vry en verantwoordelik moontlik ná die 4e vlaag van Covid-19 aangebied. Volgens die huidige inperkingsvlak is ons nog wetlik verplig om net die helfte van ons kapasiteit te benut (in die kerk, ± 300 kerkgangers) en moet ons vra dat u asb. vrywillig sal inteken op die bywonings-registers by die deure. Die dra van ‘n masker is nog in u eie belang. Indien u koors of griepsimptome beleef, moet u liefs nie na ‘n erediens of byeenkoms kom nie; neem ekstra sorg ingeval u aan ernstige onderliggende siektetoestande ly.

Inenting en ‘n sterk immuunstelsel is u beste beskerming!

MEELEWING EN VOORBIDDING

Ons hartlike gelukwense aan almal wat vandag en in die komende week verjaar:

21 Feb Johan Diedericks, Lieb Loots en LM van der Merwe.
22 Feb Hennie Barnard, Johan Swanepoel en Marietjie Swanepoel.
23 Feb Christopher Junius en Helena Marais.
24 Feb Ruben Smith.
25 Feb Janette de Waal, HJ Malan en Debbie van Wyk.
26 Feb Jan Joubert, Kosie Kruger, Elsiën van der Walt en SF van Zyl.

Ons gebede gaan uit na almal wat siek is, of in hospitale en tuis aansterk: Oom Kosie Kruger (Plaas Strydfontein, wyk 13a); Phillip van Wyk (Wild Olive Heights 1, wyk 18b); Tannie Silma Erasmus (Shangrila 8, wyk 11a); Geo Jooste (Genl. Fickstr. 17, wyk 9b); Tannie Ina Snyman (Oliewenlaan 10, Noorderbloem, wyk 17) en Marlian Schutte (Mockestr. 20, wyk 9b).

Ons innige meegevoel met Felicity Borcherds en familie met die heengaan van haar eggenoot Pieter Borcherds. Die gedenkdiens het Vrydag 18 Februarie plaasgevind vanuit Berg-en-Dal asook met Jaco en Christine van Niekerk met die heengaan van Christine se vader.

BYBELSTUDIES, KLEINGROEPE EN GEBEDSAKSIES

'n Mannegebedsgroep tree in vir ons gemeente, land en mense. Kontak ds. Johan Marais (084 517 8052) as jy graag deel van hierdie groep wil wees en gebedsversoeke ontvang.

Sondagoggende (08:30) bid 'n groep lidmate vir ons eredienste in Berg-en-Dal en vir die Woordverkondiging wêreldwyd; jy kan tuis óf by die kerk saam kom bid.

Die Woensdagaand-Bybelstudie lees die **Lukas-evangelie** en veral die gelykenisse nuut en uit 'n ander perspektief – almal welkom! 'n Kort samevatting en werksbladsy is ook aanlyn beskikbaar – kontak ds. Jan Lubbe (082 784 9362) indien jy daarin belangstel...

Die Donderdagoggend-Bybelstudie om 09:00, behandel die profeteboek **Amos** – kontak ds. Johan Marais as jy by hulle wil inskakel (084 517 8052); hul kom in die kerk byeen.

KERKRAADSAKE

Pastorale sorg:

Wyke 1-10 – ds. Jan Lubbe (082 784 9362)
Wyke 11-20 – ds. Johan Marais (084 517 8052)

As leraars en ouderlinge wil ons lidmate graag pastoraal bystaan en bemoedig; indien daar 'n behoefte vir ondersteuning of gesprek is, kontak ons gerus en ons maak 'n afspraak by die kerk of kom om jou te besoek.

Gasvryheidsbeurte & Sorg-en-omgee: In Februarie sorg **Wyke 17** (Noorderbloem) en **18** (Verre Noorde) vir ons bediening van gasvryheid, sorg en omgee – indien jy wil help, skakel Rita van Zyl (083 656 1680).

Kerkraadsvergadering: Vanaand, 20 Februarie 2022: Alle kerkraadslede word herinner aan vanaand se kerkraadsvergadering – ons begin met die aanddiens in die kerk om 18:00. Baie dankie aan wyke 17 en 18 vir tee en broodjies.

BEDIENINGE

GEMEENTEBEDIENING

Nuwe intrekkers

Alle nuwe intrekkers wat sedert die begin van 2021 by Berg-en-Dal ingeskakel het word hartlik uitgenooi na ’n spesiale erediens en verwelkomingsgeleentheid op Sondag 27 Februarie 2022. Kom drink gerus ook ’n koppie tee en iets te ete na afloop van die erediens onder die afdak in die binnehof.

Nuwe intrekkers wat nog nie aangemeld het nie word uitgenooi om na afloop van die erediens by die kerkkantoor langs te gaan en die inligtingsvorm te voltooi, sodat ons met u kan kennis maak.

Vrouebediening:

Dankiesê – bydrae koevertjies is by die deure, by die Vrouekomitee en in die kerkkantoor beskikbaar. Hierdie is ’n besondere manier om deur u dankbaarheid teenoor die Here ’n verskil te maak op soveel terreine waar die vroue van die gemeente tans betrokke is.

EREDIENSBEDIENING

Koragiete Tee/Koffie volgende Sondag, 27 Februarie 2022. U word uitgenooi om gesellig saam te verkeer na die erediens, tee en verversings te geniet en hierdie fondsinsameling te ondersteun deur ‘n donasie ter versterking van die orrelfonds.

BARMHARTIGHEIDSBEDIENING

Gemeentemark Vrydag, 25 Februarie 2022. U ondersteuning met klerasie en huisartikels wat te koop aangebied kan word, word waardeer.

EREDIENS- EN DEURKOLLEKTES

Erediens- en deurkollektes, saam met u dankoffer, hou ons eredienste en bedieninge in stand, help met noodleniging en betaal ons elke Sondag ‘n bedrag van R 1 000 oor aan die instansie soos op die program vir sinodale deurkollektes vermeld – **20 Februarie: Christelike Lektuurfonds (CLF).** Jy kan ‘n kollekte of dankoffer na Berg-en-Dal oorbetaal, via die internet (eft) na **ABSA Tjekrek. 470-580-011,** of per snapscan –

Baie dankie vir jou bydrae en gebed, en leef met ons visie:

Op berge en in dale, oral voor Gods aangesig.